

Opening en verwelkoming deur prof. H. Russel Botman, rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, by die Stellenbosch Biblioteek-simposium en Presidentsvergadering van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (Ifla), 18 Februarie 2010

---

Geagte Minister (Naledi Pandor, minister van wetenskap en tegnologie), geagte President (Ellen Tise, president van Ifla), vername gaste, dames en here, goeie more. Welkom hier by ons.

Dit gee my groot vreugde op hierdie geleentheid te open. Die jaarlikse Stellenbosch Biblioteek-simposium, wat nou al die elfde keer aangebied word, is belangrik vir ons instelling. Hierdie keer val dit saam met die Presidentsvergadering van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (Ifla). Me. Ellen Tise, die universiteit se senior direkteur van biblioteek- en inligtingsdienste, is verlede jaar tot Ifla-president verkies. Ons is trots op haar en dankbaar vir die skakeling wat sy vermag, sodat die insigte wat hier bereik word ook ons pogings kan rig.

Kennis lê aan die hart van hierdie universiteit. Dit is die dryfkrag agter ons transformasie-strategie vir hierdie instelling. Ons wil 'n beduidend beter universiteit word, een wat ook beduidend anders is as wat ons in die verlede was. Dit is 'n interessante uitdaging, en kennis – insluitend die biblioteek as hoofstoorplek van kennis – maak wesenlik deel hiervan uit.

Die biblioteek is eerstens 'n plek waar inligting gedeel word, waar mense toegang tot kennis kry. En dit is 'n plek waar studente byeenkom en sake bespreek en belangrike kwessies te debatteer. Dit vorm hulle en help skep aan hul menings vir die toekoms.

Hoe verstaan ons die posisie wat kennis aan die universiteit beklee? Ek hou van die tema van hierdie simposium – “Om te weet is nie genoeg nie”. Dis fantasties om 'n klomp goed te weet, maar van groter belang, is wat jy met jou kennis dóén.

Die Universiteit Stellenbosch word nog altyd erken as 'n plek van akademiese uitnemendheid, maar as ons introspeksie doen, moet ons vra wat het ons al die jare met al die kennis wat ons opgebou het, gedoen? Ons het baie goeie voorgraadse kursusse, en ons nagraadse programme tel onder die bestes, maar in 'n stadium het ons onself afgevra: “Watter doel dien al hierdie kennis wat ons genereer en oordra?”

Ons het na die behoeftes van ons gemeenskap, ons dorp begin kyk. Toe sien ons dat as ons hierdie plek as ons eerste laboratorium beskou, kan ons byvoorbeeld die kennis wat in Sosiale Wetenskappe opgelewer word, aanwend om die uitwerking van apartheidstadsbeplanning teë te werk. Ons kan wat in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gedoen word gebruik om die verarmdes in ons midde te bemagtig, ens. Ons het besef ons moes die dorp vernuwe en 'n wesenlike verskil aan die lewens van sy inwoners maak.

In hierdie verband moet ons met die munisipaliteit saamwerk. Ons benodig 'n munisipaliteit wat standvastig, eerlik en hardwerkend is. Ons uitdagings is soms moeilik, maar ons maak vordering.

Wanneer ons saam rondom die tafel sit, het ons wel verskillende perspektiewe, maar die gemeenskaplike vraag raak, “Wat wil ons hê Stellenbosch moet wees?”

Wat vir ons as universiteit van belang is, is om ons kennis in diens van maatskaplike oogmerke te stel. Die regering is tot ’n ontwikkelingsagenda verbind; ons ook. Ons doelwitte sluit in om armoede te bestry, menswaardigheid te bevorder, menslike sekuriteit (insluitend voedselsekuriteit) te bevorder, menseregte en demokrasie te bevorder, en ’n volhoubare omgewing en mededingende industriële sektor te bevorder. Ons noem hierdie strategiese posisionering van die Universiteit ons pedagogie van hoop. Deur relevant te wees, deur dit wat ons in elk geval doen van groter maatskaplike nut te maak, wil ons ’n sentrum van hoop vir Suid-Afrika en die res van ons vasteland word.

As universiteit, wil ons ook hê dat die transformasie waarmee ons besig is die akademie moet beïnvloed. Dit moet ’n impak op ons metodologie hê, en uiteindelik tot aanpassing van die kurrikulum lei. Ons akademiese beplanningstrukture kyk na hierdie saak, en sal aan ons senaat verslag doen, wat leiding sal verskaf oor hoe ons ons leer- en onderrigmetodes kan vernuwe ten einde ’n beter maatskaplike rol te speel.

Hoe hou hierdie sake met biblioteke en die kennisekonomie verband? In die inligtingsera is kennis die belangrikste kommoditeit. Met behulp van kennis is maatskaplike vooruitgang moontlik. Sonder kennis is die struikelblokke groot. Mense het inligting en kennis nodig om hul lewens te verbeter – veral in die ontwikkelende wêreld, waar die behoefte aan menslike ontwikkeling op sy grootste is. Individue wat van die kennisekonomie uitgesluit word, gaan waarskynlik sukkel om ’n goeie werk te kry. En gemeenskappe aan die rand van die kennisekonomie gaan sukkel om ekonomies volhoubaar te groei.

Die digitale revolusie beteken meer inligting as ooit vantevore kan nou vrylik oorgedra word via die internet en selfone, om nie van ouer tegnologie soos radio en televisie, die telefoon en die faksmasjien te praat nie. Tegnologie is egter duur en dus skaars. En selfs al sou mense toegang tot inligting kry, sal dit noodwendig die regte soort inligting wees? Sal dit betroubare kennis wees? Sal dit relevant wees?

Dis waar ek dink biblioteke inpas. Bibliotekarisse en andere wat met biblioteke gemoeid is, is kenners op die gebied van die verwerking, organisering en oordrag van kennis. Ja, die jongste tegnologie moet benut word, maar goed-opgeleide en toegewyde personele is beter daartoe in staat om toegang te verskaf tot die soort inligting wat vir menslike ontwikkeling benodig word as die een of ander soekenjin.

U het uself die taak gestel om met planne vorendag te kom vir hoe biblioteke toegang tot inligting in die kennisekonomie kan aandryf. Ek dink u sal goed doen deur te verseker dat inligting beter gedeel word, deur toe te sien dat navorsing en ander vorme van kennis openlik en vrylik beskikbaar gestel word.

In die woorde van John Naisbitt, ’n Amerikaanse skrywer op die gebied van toekomsneigings, in sy boek, “Megatrends” (1982): “Die nuwe bron van mag is nie geld in die hande van ’n paar

mense nie, maar inligting in die hande van die massa (*The new source of power is not money in the hands of a few, but information in the hands of the many*)”.

Ek hoop dat u inspirasie kan put uit ons ervaring aan die universiteit, en uit die wonderlike gevoel hier op Stellenbosch. Weereens welkom hier. Benut asb. ons geriewe, en as u enigiets benodig, vra gerus die organiseerders. Sterkte met u gesprekke die volgende twee dae.

-o0o-